

Woensdag 27 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 10:1-18

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 10:3-6 (1983-vertaling)

Gebruik die kragtige wapens van God

Wanneer jy wil hê dat mense moet twyfel aan die boodskap wat gebring word, maak die boodskapper verdag. Dit is 'n ou-ou taktiek van die duiwel. Dit is die taktiek wat die vals apostels in die gemeente van Korinte gebruik het. Hulle het die evangelie teengestaan en daarom het hulle Paulus wat die eerste boodskapper in Korinte was, beskinder en beswadder. Die duiwel gebruik vandag steeds dieselfde ou taktiek. Hoe sou ons daarop reageer?

Paulus reageer nie op die aanvalle deur die aftog te blaas of om die aanvallers te probeer paai nie. Nee, hy gaan tot die aanval oor, want die evangelie van Jesus Christus is in gedrang en wie die evangelie aanval, betree die strydperk. Kyk net na die oorlogstaal wat hy gebruik – stryd, wapens, vestings, vernietig, aanval, gevange neem en afreken!

Die stryd is 'n geestelike stryd en die wapens is nie gewone menslike wapens nie, maar die kragtige wapens van God. Daarmee word vestings vernietig. Die vestings is al die menslike redenasies en beterweterige aanvalle waarmee die vals apostels die prediking van die Woord (die kennis van God) kragteloos wil maak. En hoe venynig is die aanvalle nie vandag nie! Maar al die verkeerde gedagtes, sienings en dwalings word gevange geneem, sodat dit nie onbeheerbaar kan rondgaan en skade kan aanrig nie. Met die verkeerde gedagtes en dwaalleer word afgereken wanneer dit aan Christus, die Waarheid self vasgebind word. Vir die waarheid het Hy aan die kruis gesterf en so afgereken met die vader van die leuen en al sy volgelinge.

Daarom deins ons nie terug nie, maar neem ons die kragtige wapens van God op in die voortdurende stryd. Dit is die wapens waarmee die Heilige Gees ons toerus en wat met Goddelike krag werk. Dit is die suiwer verkondiging van die evangelie van redding in Christus, die praktiese uitleef van die waarheid en die ontmaskering van die leuen en dwaalleer. Ons doen dit alles in biddende afhanklikheid van die Here.

Sing: Psalm 7-1:6 (Tweede melodie)

Ds. AL Pelsner (Abri) Bethlehem